BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Maandag 1 Desember 1986 — WINDHOEK — Monday 1 December 1986 — No. 5297

INHOUD:

CONTENTS:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING**

No. 242 Wysiging van Regulasies betreffende Natuurbewaring — 1

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE**

No. 242 Amendment of Regulations relating to Nature Conservation — 1

## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 242 — 1986

WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE NATUURBEWARING

Die Kabinet het kragtens artikel 84 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. Die woordbepaling word hierby gewysig deur die omskrywing van "die hengelgebied" deur die volgende omskrywing te vervang:

## Government Notice

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 242 — 1986

AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING TO NATURE CONSERVATION

The Cabinet has under section 84 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), further amended the regulations promulgated by Government Notice 240 of 1976 as set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. The definitions are hereby amended by the substitution for the definition of "the angling area" of the following definition:

"'die hengelgebied' daardie gedeelte van die Skedelkuspark aangrensend aan die Atlantiese Oseaan wat strek vanaf 'n punt op die laagwatermerk 20 kilometer suid van die bestaande amptelike aangewese kampeerterrein by die plek bekend as Torrabaai tot 'n punt op die laagwatermerk ten noorde van die bedoelde kampeerterrein en reg wes van die suidelike oewer van die mees suidelike loop van die Unjabrivier en vanaf die laagwatermerk van die Atlantiese Oseaan 1,5 kilometer die binneland in en wat by wyse van kennisgewingborde aangedui word.".

2. Regulasie 28 word hierby gewysig deur in subparagraaf (i) van paragraaf (b) die woorde "of op Sondae" te skrap.

3. Regulasie 36 word hierby gewysig deur die volgende paragrawe by te voeg:

"(y) indien hy die Unjabdelta besoek, 'n voertuig op enige plek binne die Unjabdelta bestuur nie of op enige ander plek binne die Unjabdelta wandel nie as binne daardie gebied wat by wyse van kennisgewingborde vir wandeldoeleindes afgebaken is;

(z) indien hy die duine oos van die kampeerterrein by Torrabaai besoek, 'n voertuig op enige ander plek as binne die gebied wat by wyse van kennisgewingborde vir die doel afgebaken is, bestuur nie.".

---

"'the angling area' means that portion of the Skeleton Coast Park adjacent to the Atlantic Ocean which stretches from a point on the low-water mark 20 kilometres south of the existing officially designated camping area at the place known as Torra Bay to a point on the low-watermark to the north of the said camping area and due west of the southern bank of the most southern course of the Unjab River and from the low-water mark of the Atlantic Ocean 1,5 kilometres inland and which is indicated by notice boards.".

2. Regulation 28 is hereby amended by the deletion in subparagraph (i) of paragraph (b) of the words "or on Sundays".

3. Regulation 36 is hereby amended by the addition of the following paragraphs:

"(y) if he is visiting the Unjab-delta, drive a vehicle at any place within the Unjab-delta or walk at any place within the Unjab-delta other than within that area demarcated by notice boards for walking purposes;

(z) if he is visiting the dunes east of the camping area at Torra Bay, drive a vehicle at any place other than within the area demarcated by notice boards for that purpose.".

---